**Skriflesing: 1 Korintiërs 9 vers 16 tot 27 en Kolossense 3 vers 22 tot 4 vers 1**
**Tema : Vrygemaak … om anders te werk**

Daar was baie slawe in Paulus, wat hier skryf in opdrag van die Here, se tyd. Daar is selfs bronne wat beweer dat slawe die helfte van die inwoners van die destydse Romeinse ryk uitgemaak het. 'n Slaaf is gebore as 'n slaaf of het 'n slaaf geword toe hy/sy verkoop is om skuld af te betaal. Ongewensde kinders het slawe geword. As iemand skuldig bevind was aan misdaad, kon so 'n persoon se straf wees om 'n slaaf te word. Sommige slawe is ook, soos vandag steeds, deur misdadigers as slawe verkoop.

In daardie tyd is 'n slaaf as gebruiksartikel beskou. Al verskil tussen 'n slaaf, dier of gereedskap was dat 'n slaaf kon praat. 'n Slaaf was sy baas se eiendom. Wanneer sommige slawe hul doel gedien het, is hulle gelos om te sterf. 'n Slaaf mag nie getrou het nie. Indien 'n slaaf 'n kind kry, het hierdie kind aan die slaaf se eienaar behoort.

Die slawe aan wie Paulus hier skryf, was dus in 'n baie slegter posisie as wat enige van ons by ons onderskeie werke is.

Is jou werk jou god of is dit deel van jou lewende verhouding met God?
Kom ons gaan kyk watter verskil daar tussen die twee is.

**My werk is my god.**
Werk is 'n harde god of **baas** om te aanbid. Dit maak van my 'n slaaf. Dit eis alles van my.

My **motivering** wanneer werk my god is, draai net om myself. Ek doen my werk omdat ek moet of ek doen dit vir myself. Ek doen dit om meer geld te maak. In die huidige ekonomiese klimaat beteken dit meer tyd weg van die huis, want ek moet langer werk om meer geld te maak.

**My werksbevrediging** is min. Ek werk maar net omdat ek moet. Ek werk om liggaam en siel aanmekaar te hou. En al maak ek baie geld, ek bly 'n arm mens.

Wanneer werk my god is, bly ek altyd in stryd met **mense.** Ek probeer om mense gelukkig te hou. Of ek werk al minder omdat die mense rondom my dit doen. Hulle kom met die minimum weg daarom doen ek dit ook. Of ek misbruik mense en trap gewetenloos op hulle om bo uit te kom.

My **beloning** is 'n verganklike oorwinnaarskroon. Al wen ek die rotresies, bly ek steeds net 'n rot.

Maar dit is moontlik om jou werk anders te ervaar! Jy kan jou werk as werkgewer of werknemer sinvol vind en geniet in 2017 in Suid-Afrika.

Wanneer jou werk deel is van 'n lewende verhouding met die Here, eindig die erediens nie wanneer jy hier uitstap nie. Dit gaan voort ook wanneer jy môre oggend by jou werk instap.

**My werk is deel van 'n lewende verhouding met God.**
Christus is die Here, ons nuwe Eienaar of **Baas** in wie se diens ons staan. Ons behoort nie aan ons werk of ons werkgewer nie. Ons behoort aan God. Ons is vrygemaak om God met vreugde te dien, ook in die manier waarop ons werk. God is die ware Eienaar in Wie se diens ek staan en aan Wie ek rekenskap moet gee.

My **motivering** put ek uit die feit dat my werk 'n Goddelike roeping is. Dit is verseker nie net dominees wat geroep word nie. Ons almal se werk is 'n roeping van God. Dit is die Here se taak wat aan my toevertrou is. Dit is 'n manier om God te dien. Daar is nie werke wat heiliger en meer werd is as ander nie. Jou beroep is net so heilig en belangrik as die werk van die heiligste priester. En omdat alle werk waardig en heilig is, mag 'n mens nie neerkyk op arbeiders wat 'n nederige soort werk doen nie. Jy moet ook nie mense wat magtig is en baie geld verdien soos afgode behandel nie. Johannes Calvyn het gesê dat werk deel van jou

godsdiens is. Dit is ‘n manier om te wys jy is dankbaar vir die nuwe lewe wat jy in Jesus Christus het. Martin Luther het gesê: "‘n Melkmeisie kan koeie melk tot eer van God."

Ek werk ook nie meer om deur mense raakgesien te word en in hulle guns te kom nie. Ons lees in Kolossense 3:22-23: "[22]Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here. [23]Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,"

Die skelm Romeinse handelaars het potte se krake met was toegesmeer en daaroor gewerf. Dit is net wanneer jy so ‘n pot teen die son hou, dat jy die kraak kon sien. ‘n Opregte hart is ‘n hart sonder was. Kinders van die Here is opreg in hulle werk. Ons dra nie maskers nie en ons gee nie voor nie. Ons werk, speel en leef voor die aangesig van God.

En ons het baie **werksbevrediging** want ons sien iets van God se groter prentjie. Ons weet ons is deel van God se beweging om die wêreld ‘n beter en mooier plek te maak. Ons sien ons werk as as deel van God se versorging en seën, en daarom put ons lewensvreugde daaruit.

Vir **mense,** ons kollegas, by die werk stel ons ‘n voorbeeld van passie, eerlikheid en entoesiasme. Ons werk om te dien. In die Heidelbergse Kategismus, Sondag 42, vraag en antwoord 111 staan daar: "Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help."

En ek weet daar wag ‘n groot **beloning.** Daar wag ‘n groot betaaldag of dalk eerder ‘n geskenkdag vir my. Verlos deur Jesus Christus wag daar vir elkeen van ons ‘n onverwelklike oorwinnaarskroon: die lewe by God. Uit dankbaarheid vir hierdie nuwe lewe doen ek my werk so goed ek kan om my kroon waardig te wees.

Langenhoven het geskryf: "Dit is die smorende vlam wat swaarkry en tog nie die kos kan gaarkry. Dit is die vrolike vlam wat knetter en kraak, hy wat sy taak tot volmaaktheid maak en sy swaarkry met lekkerkry klaarkry." Wat maak die verskil tussen die twee vlamme? By die eerste vlam is werk die god wat my lewe oorneem en van my ‘n slaaf maak. Ek is soos die tweede vlam wanneer ek die lewe en my werk aanpak vanuit ‘n lewende verhouding met God.

Om die redes hierbo genoem, is Christenslawe soms vir dubbel die prys van ongelowige slawe verkoop. Watter prys sal jy haal?
**Amen**